Missie Japan Nuusflits - Junie 2017

Ondersteun: maak 'n verskil

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie wat afhanklik bly van ondersteuning deur individue, groepe en gemeentes regoor die wêreld.

MAAK 'N BYDRAE

Missie Japan media

Volg op Facebook

Sien Webtuiste

Tuisbesoek

om die draai

Beste.....

Na maande se beplanning en voorbereiding is ons DV oor 2 weke gereed om te vertrek na Suid-Afrika, vir ons derde tuisbesoek (sedert 2009) as gesin. "Opgewonde!" is die woord.

Kyk en deel asseblief

Ons gaan probeer om soveel as moontlik van julle persoonlik te bedank en terugvoer te gee by ontmoetings. Ons het o.a. ‘n kortfilm gemaak, om ons storie te vertel tydens die besoek.
Kliek hier vir die lokfilm *(1 min. 40 sek.), en wys dit gerus in jou kleingroep of gemeente. Jy kan ook hier onder kliek op die "play" knoppie.*

Program vir ontmoetings-geleenthede
Ons besoek-program verskyn ondertoe. Enige iemand is welkom om die byeenkomste by te woon. Kontak my gerus met enige navrae. Ek sal ná ons verloftyd (m.a.w. vanaf 23 Julie) kan reageer op e-posse en selfoon oproepe.

Versoek vir spesiale bydraes
Indien iemand graag ‘n spesifieke bydrae wil maak t.w.v. die deputasiewerk, laat weet ons asb. *Twee praktiese voorstelle* is: (1) vir die huur van ‘n motor wat ons gaan nodig hê in dié tyd; of (2) vir bemarkingsmateriaal soos pamflette, DVD’s (vir die kort film) ens.

Baie dankie vir jou ondersteuning. Ons sien baie uit om jou DV in Suid-Afrika te sien!
Bid asb. ook saam met en vir ons. Gebedsversoeke volg heel onder.

Vrede en vreugde, in Christus.

Stéphan, Carina, Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stephan (jnr.)
Ons kontaknommers in SA: 060 484 4101 (Carina) en 083 731 3778 (Stéphan)

Lokfilm (1min 40sek) vir die kort film "First steps in Kobe"

Van der Watt Tuisbesoek-program

Datum	**Plek**	**Tyd**
Junie/Julie 2017		
Do. 29 Jun	***Aankoms in Kaapstad (verlof tot 22 Julie)***	
So. 23 Jul	Albertinia en Stilbaai	9h30 en 16h00
Ma. 24 Jul	Klawer	15h30
So. 30 Jul	Groot-Brakrivier	10h00
Augustus 2017		
So. 6 Aug	Impetus gemeente (PE) en Vanstadensrivier	8h15 en 9h00
Sa. 12 Aug	Buffeljagsrivier en Vermont	9h30 en 16h00
So. 13 Aug	La Rochelle en Stellenbosch-Wes	09h00 en 18h00
Ma. 14 Aug	Franschhoek	Aand
Di. 15 Aug	Tableview (Bloubergstrand ingesluit)	19h00
Woe. 16 Aug	Stellenbosch-Sentraal en Constantia	10h00 en 18h00
Do. 17 Aug	Stellenbosch-Moeder	18h00
Vry. 18 Aug	Univ. Stellenbosch Fakulteit Teologie (lesing)	12h00
Sa. 19 Aug	Kuilsrivier (Groenland ondersteuners-ontbyt)	Oggend
So. 20 Aug	Goodwoodpark en Stellenbosch-Moeder	9h30 en 19h00
Sat. 26 Aug	Rant en Dal Prisma gemeente	11h00
So. 27 Aug	Hoopstad en Bothaville	Oggend en Aand
Ma. 28 Aug	Viljoenskroon en Hennenman	13h00 en 18h00
Di. 29 Aug	Marquard, Fouriesburg en Bethlehem	9h30,13h00,18h00

Woe. 30 Aug	Bloemfontein (Reformasie 500) en Berg-en-Dal	Oggend en 19h00
Do. 31 Aug	Besoek Setshabelo saam met RCJ afgevaardigdes	Heeldag
September 2017		
Vry. 1 Sept	Besoek Setshabelo saam met RCJ afgevaardigdes	Heeldag
So. 3 Sept	Universitas-Wes en Gardeniapark (Bloemfontein)	9h00 en 18h00
Ma. 4 Sept	Aandbloem en Univ. Vrystaat Fakulteit Teologie	9h00,11h00, 14h00
Di. 5 Sept	Parys (Wes en Oos)	Vanaf 07h30
Woe. 6 Sept	Sasolburg (Fonteine) en Drie Riviere (Vereeniging)	14h00 en 18h00
So. 10 Sept	George-Suid en George-Bergsig	9h00 en 18h00
Vry. 15 Sept	Joubertina en Graaff-Reinet	9h30 en 18h00
Sat. 16 Sept	Burgersdorp en Elliot	09h00 en 14h00
Son. 17 Sept	Aliwal-Noord en Somerset-Oos	10h00 en 18h00
Ma. 18 Sept	PE-Sionsrand en Humansdorp	12h00 en 18h00
Woe. 20 Sept	Outeniqualand en Bredasdorp	10h30 en 17h30
So. 24 Sept	Pietermaritzburg (Hayfields) en Pretoria (Charisma)	9h00 en 18h00
Di. 27 Sept	Missie Japan bestuursvergadering (Stilbaai)	Heeldag
Woe. 28 Sept	Missie Japan bestuursvergadering (Stilbaai)	Heeldag
Oktober 2017		
So. 1 Okt	Welgemoed	9h00
So. 8 Okt	Swellendam	9h30
Di. 10 Okt	***Vertrek uit Kaapstad***	
Woe. 11 Okt	***Land in Osaka, Japan***	

Gebedsversoeke

Dank die Here saam met ons vir:

- Jaco van Wyk (vriend van Tokyo) se opoffering en moeite met die redigering en samestelling van die kort film - wat ons later sal bekend stel wanneer ons in SA is.
- ‘n Baie sinvolle en geseënde April en Mei, wat ons kerklike bediening aanbetref.

Vra in afhanklikheid van die Here vir Sy sorg in:

- ‘n Veilige reis en diep rus vir ons as gesin in die tyd wat voorlê in Suid-Afrika.
- Verdere volhoubare ondersteuning deur gemeentes en individue vir die jare

wat kom.

- Alle verdere voorbereidings vir die tuisbesoek – reëlings, skep van bemarkingsmateriaal, aanbiedings in gemeentes, lesings by kweekskole ens.
- Stéphan se laaste kerklike verantwoordelikhede (verskeie vergaderings in Toyohashi 12-15 Junie), asook laaste werk by die Kobe kweekskool.
- Carina se verantwoordelikhede rondom ons kinders se tuisskoling, en haar velerlei voorbereidings vir ons koms na SA.